

Sondag, 5 Julie 2020
Fokusteks: Matteus 11:16-19, 25-30

'n Fotograaf is besig om skoolfoto's van die Graad 1's te neem by 'n laerskool. Soos wat die kinders een vir een inkom en hul plek voor die kamera inneem, probeer die fotograaf hulle op hul gemak stel deur allerhande geselsies aan te knoop. *"Wat gaan jy wees as jy eendag groot is?"* vra hy 'n dogtertjie. *"Moeg,"* kom die eerlike antwoord. (Dalk is dit wat sy by grootmense hoor - hulle is gedurig moeg!)

Godsdienste kan 'n mens so moeg maak dat jy glad nie meer die Here se uitnodiging van liefde en genade hoor nie. Dan word godsdienste 'n swaare las. Dit word 'n klomp mensgemaakte wette en reëls wat die vreugde van die Here van jou wegneem. Jesus is 'n hemelse boodskapper wat die goeie nuus bring en aanbied. Sy wonderwerke bevestig die feit dat Hy waarlik omgee en betrokke wil wees in die welsyn van die mens. Daarom is Hy teleurgesteld met die skare mense se hardnekkige verwerping van die evangelie. Hulle is geestelik eenvoudig te moeg om Jesus te herken as die Seun van God.

"Waarmee moet Ek hierdie geslag vergelyk? Hulle is net soos kinders wat op die markplein vir mekaar sit en roep: "Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie! Ons het 'n treurlied gesing, en julle het nie gehuil nie!"

Jesus vergelyk hul reaksie op die Woord, of sal ons eerder sê, hul gebrek aan enige reaksie, met dié van kinders wat op die markplein speel (v.16,17). Die een groep sê: *"Kom ons speel troue-troue, dan maak ons musiek en julle dans lekker saam."* Dan sê die ander groep: *"Nee, ons voel nie so gelukkig vandag nie, ons is nie lus vir dans nie."* Dan sê die eerste groep weer: *"Nou goed, kom ons speel begrafnis-begrafnis. Ons speel 'n hartseerliedjie en dan huil julle."* Dan sê die ander groep: *"Nee dankie, ons wil ook nie dít speel nie, want ons voel nie so hartseer vandag nie."* Hulle is vir niks lus nie, want hulle is te moeg.

Dit is wat 'n mens teenstellende reaksies noem. Dit maak nie saak watter voorstel gemaak word nie, daar sal altyd fout gevind word daarmee. Jy kan selfs met die ander een se standpunt saamstem, dan is dit ook nie goed nie. So voel Jesus oor die mense se reaksie op die verkondiging van die Woord van die Here. Die beeld van die groep kinders wat maar net nie lus is om saam te speel nie het betrekking op die manier waarop Johannes die Doper en Jesus se boodskap onderskeidelik ontvang is (v.18,19).

"Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: 'Hy is van die duiwel besete.' Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: 'Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.' Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit."

Eers het Johannes die Doper gekom. Hy was 'n vreemde figuur wat in die woestyn gelewe het en daar vir mense gepreek het. Hy het nie juis gemeng met die samelewing nie en het amper 'n soort kluisenaarsbestaan gevoer. Hy het homself ook ontsê van die tipiese voedselgeregte van daardie tyd. Hy het dikwels gevas en het nie sy mond aan enige drank gesit nie. Sy kleredrag was ook eenaardig. Jesus verwys na die mense se reaksie op Johannes in v.18 waar hulle hom beskinder. Johannes is 'n mal mens, daar eenkant in die woestyn. Kyk net hoe eenaardig lyk hy en hoe vreemd tree hy op. Hy moet seker van die duiwel besete wees! Mens kan niks glo wat hy alles praat nie.

Dan kom Jesus en tree net mooi op die teenoorgestelde manier op as Johannes die Doper. Hy leef tussen die mense en raak veral betrokke by mense in nood. Hy reik uit na sondaars en tollenaars, eet saam met hulle en bring nuwe hoop in hulle lewensomstandighede. Hy deel in mense se hartseer en raak hulle aan met sy vertroosting. Dan is dieselfde mense wat Johannes die Doper loop en beswadder het ook nie met Jesus tevrede nie. Kyk daar, Hy is 'n partytjie-mens. Hy hang saam met mense uit wat nie aanvaarbare

gedrag in die samelewing toon nie. Hy vreet en suip wyn saam met hulle! Jy kan niks glo wat Hy alles praat nie.

Johannes die Doper is 'n boodskapper van die Here, maar hy word 'n duivelbesetene genoem. Jesus, aan die anderkant, is nie net die Boodskapper nie, maar ook die Boodskap self. Hy word uitgekryt as 'n vraat en wynsuiper. Kyk, as iemand nie na die waarheid wil luister nie, sal hy altyd een of ander rede vind om dit nie te hoor nie. Jy kan niks doen aan iemand wat halsstarrig is nie, jy gaan nie 'n reaksie kry nie. So is die skare mense met wie Jesus hier praat: hulle soos kinders wat hul opruk en nie die uitnodiging wil aanvaar om saam te speel nie, maak nie saak wat die speletjie is nie. Hulle word uitgenooi om die nuwe lewe te ontvang, maar hul eie wette en reëls maak hulle blind vir Jesus. Die volk is duidelik nie lus om mee te doen aan God se sending nie. Hulle sien die werke van Jesus voor hulle oë afspeel, maar weier om Jesus gelyk te gee dat Hy werklik die Seun van God is. Hulle weet beter as Jesus. Hulle het hul eie prentjie van hoe 'n boodskapper van die Here moet lyk en optree. Hulle het hul eie idee van hoe God behoort op te tree. So word die sonde van die volk ontbloot; hulle weier volstrek om positief op die uitnodiging en roepstem van Jesus te reageer.

Dis maklik om vinger te wys na hierdie mense, maar ons moet ook selfondersoek doen. Ons het soms sterk opinies oor baie sake, en dan maak ons die fout dat ons reken God dink net soos ons daarvoor. God moet die speletjie speel wat ek wil hê Hy moet speel. Hy moet inval by my reëls. So maak ons onself blind en doof vir die stem van die Here.

Jesus gebruik 'n spreekwoord in v.19 - *Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit*. Die toets vir die waarheid van Johannes en Jesus se boodskap lê nie by die mense se kritiese aanmerkings nie, maar word bewys deur God se magtige daade. Nie almal het gedink Johannes is van die duivel besete nie. Baie mense wat na sy boodskap gaan luister het se harte is diep aangeraak. Hulle het tot bekering gekom en die vreugde van 'n nuwe lewe begin ervaar. Nie almal het gedink Jesus tree onbetaamlik op deur betrokke te raak by mense wat deur die samelewing as slegte mense beskou is nie. Nee, die feit dat baie tot geloof gekom het is 'n bewys van die genadevolle werking van die Here se liefde en vergifnis in hul lewens.

In v.25-27 verwys Jesus na die feit dat 'n trotse houding jou nie nader aan God kan bring nie, slegs 'n nederige en dankbare aanvaarding van Jesus as die enigste Weg tot verlossing.

Daardie tyd het Jesus gesê: “Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling. “My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak.

Hy veroordeel nie as sodanig intellektuele vermoëns of die waarde van geleerdheid nie. Hy veroordeel wel 'n trotse houding van, “Ek weet beter.” Dit is die soort houding wat baie Fariseërs geopenbaar het in hul kritiek teenoor Jesus.

Jesus se uitnodiging in v.28-30 kom na mense wat hul bes probeer om so goed as moontlik al die honderde voorskrifte en wette na te kom wat deur die wetgeleerdes aan hulle voorgehou word. Hierdie voorskrifte het die daaglikse lewe van 'n Jood bepaal. Dit was 'n saak van: *Jy mag nie dit nie, en, jy mag nie dat nie!* Maar hulle kry dit maar net nie reg nie. Dit lê swaar op die skouers en maak hulle lewensmoeg. Jesus het by geleentheid van die Fariseërs en skrifgeleerdes gesê: *“Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie”* (Mat.23:4).

Jesus rig nou 'n liefdevolle uitnodiging aan almal wat deur daardie laste uitgeput en oorlaai is (v.28-30)

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”

Die uitdrukking, om ‘n juk op te neem, was bekend onder die Jode. Dit het gewoonlik verwys na die vasbind van osse aan ‘n houtjuk om bv. ‘n wa te trek. So is daar, as ‘n metafoor, ook na die wet van die Here verwys as ‘n juk wat jy op jou moet neem. Dit beteken dat jy daarmee jouself onderwerp aan die eise van God se Woord en Wet. Jy is aan sy wil vasgebind.

‘n Jood wat vir sy osse omgee sal sorg dat die juk, wat van hout gemaak is, behoorlik pas. Hy sal sorg dat die korrekte mate van elke dier geneem word sodat dit doelgemaak is vir elkeen. Soos ons in Engels sê: *Custom fit, of tailer-made*. So verhoed jy dat die juk jou diere skaaf en seermaak en beserings veroorsaak. Probeer jouself indink hoe dit moet voel om heelyd skoene te dra wat nie reg pas nie en wat jou druk en stukkend skaaf tot die pyn ondraaglik word. So was die las van ‘n wettiese godsdiens. Dis soms uitdagend om te reageer op die fluitspel van die lewende God. Dis asof ander agendas wil oorneem. Mens raak uitgeput en moeg. Baie mense word inderdaad lewensmoeg soos hulle grootword. Die dogtertjie het reg vir die fotograaf gesê. Die Here het egter ook hiervoor raad.

Jesus sê vir hulle, My juk pas reg. Die nuwe lewe wat Ek jou gegee het is doelgemaak vir jou. Dit sal nie vir jou ‘n las wees om dit te dra nie. My juk is ‘n lewe van liefde en dit is bedoel om in liefde gedra en geleef te word. En liefde kan die swaarste las lig maak. Daar is ‘n pragtige storie van ‘n man wat sien hoe ‘n klein seuntjie ‘n ander seuntjie op sy rug dra. *“Sjoe, dit moet darem seker ‘n swaar las vir jou wees om te dra,”* sê die man vir die seuntjie. *“Nee,”* kom die antwoord, *“dit is my jonger boetie wat verlam is. Dit is nie vir my ‘n las om hom te dra nie.”*

Gebed

Here Jesus,
 Ek is bly dat ek U mag ken.
 Ek is bly ek is u kind.
 Ek het u juk op my geneem
 en ek bly my hele lewe aan U vasgebind.
 Amen.